# Versamelname

Naam:


## Selfstandige naamwoorde: soortname, eiename, stofname en versamelname[1]

Soorte selfstandige naamwoorde

### a. Soortname

1. Jy kan daaraan raak, bv.: bed, tafel, kussing, hond, kat, televisie, vinger.
2. Jy kan dit sien, bv.: rekenaar, bril, motor, fiets, beursie.
3. Dit staan ná ŉ lidwoord, bv.: ŉ hond, die perd, ŉ kat, die motor, ŉ boek.
4. Dit is name van telbare dinge, bv.: sewe dae, vyftien seuns, twaalf balle. Omdat dit name van telbare dinge is, het soortname dus ŉ meervoudsvorm en ook ŉ verkleiningsvorm, *bv.:*

*hond* - *honde* - *hondjie*
*seun* - *seuns* - *seuntjie*
*bal* - *balle* - *balletjie*



### b. Eiename

*Eiename* sluit in name van mense en diere, dae van die week, name van maande en name van dorpe, stede, riviere en berge. Eiename word altyd met ŉ hoofletter geskryf.

### c. Stofname (ook massaname genoem)

Woorde soos goud, koper, silwer, hout, yster, sand, klip, plastiek, ensovoorts. Dit dui op ŉ spesifieke stof. Wanneer hierdie woorde in hul meervoudsvorme in sinne gebruik word, is hulle gewone soortname: Hy het baie ysters in die vuur. Hy gooi met klippe.

### d. Versamelname

Voorbeelde van versamelname: ŉ bossie blomme, ŉ bundel gedigte, ens.

**Wat ek van versamelname moet onthou:**


1. Die versamelnaam word deur nog ŉ selfstandige naamwoord gevolg.
2. Die versamelnaam is eintlik maar ŉ ondersoort van soortname, want dit het ŉ enkelvoud en ŉ meervoud en is dus die naam van iets telbaar.

1 *Oefeninge gaan oor versamelname handel.*

© e-classroom

# Oefening 1

**Voltooi die volgende blokkiesraaisel oor versamelname.**




**Dwars**

3. Appels, pere en lemoene
7. Koring, hawer en rog
8. Mense wat na ŉ konsert of ŉ musiekuitvoering luister
9. Koek en tert
10. Tronkkamer
11. Kuiermense
13. Maaltyd
14. Woorde op die skoolwapen
15. ŉ Groep spelers

**Af**

1. Kool, wortels en beet
2. Hamer, saag en tang
4. Twaalf dosyn
5. Vuil klere
6. Lakens, kussings en komberse
10. ŉ Versameling of ŉ reeks
12. ŉ ____________ blomme

# Oefening 2

a) In die linkerkantste kolom is ŉ reeks versamelname en aan die regterkant is soortname waarby die versamelname pas. Pas nou die versamelnaam in die linkerkantste kolom by die korrekte soortnaam in die regterkantste kolom.

| | |
|---|---|
| a) swerm | 1. misdadigers |
| b) skool | 2. blomme |
| c) werpsel | 3. bye |
| d) bundel | 4. soldate |
| e) konvooi | 5. hondjies |
| f) kudde | 6. visse |
| g) afdeling | 7. beeste |
| h) plaat | 8. verskonings |
| i) bende | 9. skepe |
| j) rits | 10. gedigte |


b) Kom ons gebruik die versamelname nou in goeie sinne:




1. Die toeriste het hulle vergaap aan die _______________ blomme.
2. Die _______________ misdadigers word deur die polisie gesoek.



3. Die seun het ŉ _______________ verskonings gehad hoekom hy nie sy werk klaar het nie.
4. Kyk die oulike _______________ hondjies!
5. Ek hou van die gedigte in hierdie _______________.



6. Ons het ŉ groot _______________ beeste langs die pad gesien.
7. Daar is ŉ _______________ skepe in die hawe.
8. Die _______________ bye het die mense aangeval.



9. Die _______________ soldate het aan ŉ optog deelgeneem.
10. ŉ Groot versameling visse staan bekend as ŉ _______________

© e-classroom

# Oefening 3



**Vervang die woorde tussen hakies met ŉ geskikte selfstandige naamwoord:**

a) In die Langkloof kweek hulle (lemoene, nartjies en pomelo's).

________________________________________

b) Die kinders het die (kussings, lakens en komberse) op die grond neergegooi.

________________________________________

c) Ná ete moes ons die (borde, messe en vurke) in die laai wegpak.

________________________________________

d) In die garage is daar (ŉ hamer, ŉ saag en skroewedraaiers.)

________________________________________

e) Dit is ŉ winkel wat (borde, koppies, glase, blompotte, ens.) verkoop.



________________________________________

f) In die Transkei boer baie mense met (hoenders, eende, kalkoene en ganse).

________________________________________

g) Die (skoolhoof en onderwysers) hou vanmiddag ŉ vergadering.

________________________________________

© e-classroom

# Antwoorde

## Oefening 1

**Voltooi die volgende blokkiesraaisel oor versamelname.**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1. g | | | | | | 2. g | | | | | |
| 3. v | r | u | 4. g | t | e | | e | | 5. w | | | 6. b |
| | o | | r | | | 7. g | r | a | a | n | | e |
| 8. g | e | h | o | o | r | | e | | s | | | d |
| | n | | s | | | 9. e | e | t | g | o | e | d |
| | t | | | | | | d | | o | | | e |
| 10. s | e | l | | | 11. g | a | s | t | e | | | g |
| t | | | 12. b | | | | k | | d | | | o |
| e | | | o | | | | a | | | 13. e | t | e |
| 14. l | e | u | s | e | | 15. s | p | a | n | | | d |

## Oefening 2

a) In die linkerkantste kolom is ŉ reeks versamelname en aan die regterkant is soortname waarby die versamelname pas. Pas nou die versamelnaam in die linkerkantste kolom by die korrekte soortnaam in die regterkantste kolom.

| | |
|---|---|
| a) swerm | 1. misdadigers |
| b) skool | 2. blomme |
| c) werpsel | 3. bye |
| d) bundel | 4. soldate |
| e) konvooi | 5. hondjies |
| f) kudde | 6. visse |
| g) afdeling | 7. beeste |
| h) plaat | 8. verskonings |
| i) bende | 9. skepe |
| j) rits | 10. gedigte |

© e-classroom

b) Kom ons gebruik die versamelname nou in goeie sinne:

1. Die toeriste het hulle vergaap aan die ***plaat*** blomme.
2. Die ***bende*** misdadigers word deur die polisie gesoek.
3. Die seun het ŉ ***rits*** verskonings gehad hoekom hy nie sy werk klaar het nie.
4. Kyk die oulike ***werpsel*** hondjies!
5. Ek hou van die gedigte in hierdie ***bundel***.
6. Ons het ŉ groot ***kudde*** beeste langs die pad gesien.
7. Daar is ŉ ***groot*** skepe in die hawe.
8. Die ***swerm*** bye het die mense aangeval.
9. Die ***afdeling*** soldate het aan ŉ optog deelgeneem.
10. ŉ Groot versameling visse staan bekend as ŉ ***skool***.

# Oefening 3

**Vervang die woorde tussen hakies met ŉ geskikte selfstandige naamwoord:**

a) In die Langkloof kweek hulle (lemoene, nartjies en pomelo's).
***vrugte (sitrusvrugte)***

b) Die kinders het die (kussings, lakens en komberse) op die grond neergegooi.
***beddegoed***

c) Ná ete moes ons die (borde, messe en vurke) in die laai wegpak.
***eetgerei***

d) In die garage is daar (ŉ hamer, ŉ saag en skroewedraaiers.)
***gereedskap***

e) Dit is ŉ winkel wat (borde, koppies, glase, blompotte, ens.) verkoop.
***breekgoed***

f) In die Transkei boer baie mense met (hoenders, eende, kalkoene en ganse).
***pluimvee***

g) Die (skoolhoof en onderwysers) hou vanmiddag ŉ vergadering.
***personeel***

**Leerders leer ook die volgende**

Versamelings (versamelname)

| | |
|---|---|
| ŉ Versameling skape en beeste is ... | kleinvee |
| ŉ Versameling hoenders, eende, ganse, kalkoene, ens. is ... | pluimvee |
| ŉ Versameling wortels, beet, kool, ens. is ... | groente |
| ŉ Versameling appels, pere, druiwe, ens. is .... | vrugte |
| ŉ Versameling koppies, pierings, borde, ens. is ... | breekgoed |
| ŉ Versameling vlieë, muggies, muskiete, ens. is ... | insekte |
| ŉ Klomp vrugtebome is ŉ ... | boord |
| ŉ Klomp visse bymekaar is ŉ ... | skool |
| ŉ Klomp gedigte in een boek is ŉ ... | bundel |
| ŉ Klomp tasse, ens. nodig vir ŉ reis is ... | bagasie |
| ŉ Klomp mense wat na ŉ fliek of vertoning kyk is ŉ ... | gehoor |

© e-classroom